STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

VOL. 170] PRETORIA, 10 AUGUSTUS / AUGUST 1979 [No. 6612

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 157, 1979

WYSIGING VAN PROKLAMASIE 110 VAN 1957

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 2 (7) en 25 van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), gelees met artikel 21 van die Ontwikkelings Trust en Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), wysig ek hierby Proklamasie 110 van 1957 ooreenkomstig die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sestiende dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

(Lêer No. F54/4)

BYLAE

1. Vervang regulasie 27 (1) (a) (ii) deur die volgende regulasie:

"(ii) ontvang 'n toelae ter bestryding van reiskoste van hoogstens die koste van vervoer met openbare vervoer, as daar is, of 10 sent per kilometer vir elke kilometer wat noodsaaklik op die heen- en terugreis afgelê word, watter bedrag ook al die kleinste is: Met dien verstande dat as hy om gesondheids- of ander gegronde redes skriftelik deur die Hoofkommissaris daartoe gemagtig is om vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk 'n private motorvoertuig te reis, die toelae, ondanks die bepalings van subparagraaf (ii), teen die skaal van 10 sent per kilometer is.".

2. Vervang regulasie 27 (1) (b) deur die volgende regulasie:

"(b) van wie die Sekretaris of die Hoofkommissaris vereis dat hy in diens buite sy gebied na 'n ander plek as die kantoor van die Kommissaris moet gaan, ontvang 'n verblyftoelae teen die skaal van ses rand per dag

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 157, 1979

AMENDMENT OF PROCLAMATION 110 OF 1957

Under and by virtue of the powers vested in me by sections 2 (7) and 25 of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), read with section 21 of the Development Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby amend Proclamation 110 of 1957 in accordance with the accompanying Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixteenth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

(File No. F54/4)

SCHEDULE

1. Substitute the following regulation for regulation 27 (1) (a) (ii):

"(ii) receive an allowance in aid of travelling expenses not exceeding the cost of conveyance by public transport, if any, or 10 cents per kilometre for each kilometre necessarily travelled on the forward and return journeys, whichever is the lesser: Provided that if, for health or other good and sufficient reasons, he has been authorised in writing by the Chief Commissioner to travel by means of a private motor vehicle either indefinitely or for a stated period, the allowance shall, notwithstanding the provisions of subparagraph (ii), be at the rate of 10 cents per kilometre.".

2. Substitute the following regulation for regulation 27 (1) (b):

"(b) if he is required by the Secretary or the Chief Commissioner to proceed on duty outside his area to any place other than the office of the Commissioner, receive a subsistance allowance at the rate of six rand

van 24 uur vir die tydperk wat hy noodsaaklik van sy woonplek afwesig is: Met dien verstande dat daar, vir elke volle uur van afwesigheid bo 24 uur of 'n veelvoud van 24 uur, een 24ste van die voorgeskrewe daaglikse toelae betaal kan word: Voorts met dien verstande dat waar 'n aangestelde kaptein, met die goedkeuring van die Sekretaris of die Hoofkommissaris, op Regeringskoste van 'n volgeling vergesel gaan, die toelae, behoudens die voorafgaande, agt rand en 50 sent per dag is.".

No. 158, 1979

WYSIGING VAN PROKLAMASIES 127 VAN 1959 EN 330 VAN 1966 EN VERKLARING VAN GROEPSGEBIEDE INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE STRAND EN GORDONSBAAI, DISTRIK STRAND, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen—

A. by artikel 33 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), wysig ek hierby—

(i) Proklamasie 127 van 1959 deur die uitsluiting uit die gebied omskryf in paragraaf (a) van die Bylae daarvan van die gebied omskryf in paragraaf (1) van die Bylae hiervan; en

(ii) Proklamasie 330 van 1966 deur die uitsluiting uit die gebied omskryf in paragraaf (c) van die Bylae daarvan van die gebiede omskryf in paragrawe (4) en (5) van die Bylae hiervan;

B. by artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat—

(i) die gebied omskryf in paragraaf (2) van die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Blanke groep; en

(ii) die gebiede omskryf in paragrawe (3) en (4) van die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, gebiede is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep; en

C. by artikel 25 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in paragraaf (5) van die Bylae hiervan, by verstryking van 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n grensstrook is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sestiende dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. C. HEUNIS.

BYLAE

(1) Vanaf Baken G op die algemene plan van die Strand-uitbreiding 17 (TP 8007), suidoos met die grense van genoemde Uitbreiding 17 langs tot by Baken 8872x op genoemde algemene plan; dan noordoos reguit tot by eersgenoemde baken.

per day of 24 hours for the period during which he is necessarily absent from his place of residence: Provided that for each complete hour of absence in excess of 24 hours or a multiple of 24 hours, one 24th of the prescribed daily allowance may be paid: Provided further that, for an absence of less than 24 hours, only reasonable out-of-pocket living expenses actually incurred, not exceeding a full day's allowance, may be paid: Provided further that if, with the approval of the Secretary or the Chief Commissioner, an appointed chief is accompanied by an attendant at Government expense, the allowance shall, subject to the foregoing, be eight rand and 50 cents per day.".

No. 158, 1979

AMENDMENT OF PROCLAMATIONS 127 OF 1959 AND 330 OF 1966 AND DECLARATION OF GROUP AREAS IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT STRAND AND GORDON'S BAY, DISTRICT OF STRAND, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me—

A. by section 33 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby amend—

(i) Proclamation 127 of 1959 by the exclusion from the area defined in paragraph (a) of the Schedule thereto of the area defined in paragraph (1) of the Schedule hereto; and

(ii) Proclamation 330 of 1966 by the exclusion from the area defined in paragraph (c) of the Schedule thereto of the areas defined in paragraphs (4) and (5) of the Schedule hereto;

B. by section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that—

(i) the area defined in paragraph (2) of the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the White group; and

(ii) the areas defined in paragraphs (3) and (4) of the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be areas for occupation and ownership by members of the Coloured group; and

C. by section 25 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in paragraph (5) of the Schedule hereto shall, on the expiration of a period of one year as from the date of publication hereof, be a border strip.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixteenth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

SCHEDULE

(1) From Beacon G on the general plan of The Strand Township Extension 17 (TP 8007), south-eastwards along the boundaries of the said Extension 17, to Beacon 8872x on the said general plan; thence north-eastwards in a straight line to the beacon first named.

BLANKE GROEP

(2) Vanaf die punt waar die noordweswaartse verlenging van Erf 10149, die Strand, se noordoostelike grens die middel van Spoorweglaan kruis, suidoos met gemelde verlenging en die noordoostelike grense van gemelde Erf 10149 en Erf 9127 langs tot by die oostelikste baken van laasgenoemde erf; dan suidoos reguit tot by die noordelikste baken van Gedeelte 15 van Plaas 810, administratiewe distrik Stellenbosch; dan suidoos met die grense van gemelde Gedeelte 15 en die plaas Die Bos 1056 langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, tot by die punt waar die suidwestelike grens van laasgenoemde eiendom deur die noordooswaartse verlenging van grens BA op die kaart van Erf 5822 gekruis word; dan suidwes met gemelde verlenging langs tot by Baken A op die kaart van gemelde Erf 5822; dan noordwes reguit tot by punt d op die kaart van gemelde Erf 5822; dan noordwes met die noordoostelike grens van Erf 3759 en die noordweswaartse verlenging daarvan langs tot by die punt waar dit die suidoostelike grens van Erf 3838 kruis; dan noordoos met die grense van gemelde Erf 3838 langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die noordelikste baken daarvan; dan noordwes met die noordweswaartse verlenging van die noordoostelike grens van genoemde Erf 3838 langs tot by die punt waar dit deur die middel van genoemde Spoorweglaan gekruis word; dan noordoos met die middel van genoemde Spoorweglaan langs, tot by eersgenoemde punt.

GEKLEURDE GROEP

(3) Vanaf die punt waar die noordooswaartse verlenging van grens BA op die kaart van Erf 5822, die Strand, deur die suidwestelike grense van die plaas Die Bos 1056, administratiewe distrik Stellenbosch, gekruis word, suidoos met die grens van genoemde plaas Die Bos 1056 langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die punt waar dit deur die noordweswaartse verlenging van die suidwestelike grens van 13de Straat gekruis word; dan suidoos met gemelde verlenging en die suidwestelike grens van 13de Straat langs tot by die oostelikste baken van Erf 7208; dan suidoos reguit met die suidooswaartse verlenging van die suidwestelike grens van gemelde 13de Straat langs tot by die punt waar dit deur die suidoostelike grens van Broadlandsweg gekruis word; dan suidwes met gemelde suidoostelike grens van Broadlandsweg langs tot by die noordelikste baken van Erf 5543; dan suidoos en suidwes met die grense van gemelde Erf 5543 en Erf 5546 langs, tot by die suidelikste baken van laasgenoemde erf; dan suidwes reguit met die suidweswaartse verlenging van gemelde Erf 5546 se suidoostelike grens langs tot by die punt waar dit deur die middel van die 11,33 meter straat (Eerste Straat) gekruis word; dan noordwes met die middel van genoemde 11,33 meter straat (Eerste Straat) langs tot by die punt waar dit deur die verlenging van die middel van die 11,33 meter straat (Crabstraat) gekruis word; dan noordoos reguit met die verlenging van die middel van gemelde 11,33 meter straat (Crabstraat) langs tot by die punt waar dit deur die suidooswaartse verlenging van die middel van Derde Straat gekruis word; dan noordwes met laasgenoemde verlenging langs tot by die punt waar dit deur die middel van Broadlandsweg gekruis word; dan noordoos met die

WHITE GROUP

(2) From the point where the north-western prolongation of the north-eastern boundary of Erf 10149, The Strand, intersects the middle of Railway Avenue, south-eastwards along the said prolongation and the north-eastern boundaries of the said Erf 10149 and Erf 9127, to the easternmost beacon of the latter erf; thence south-eastwards in a straight line to the northernmost beacon of Portion 15 of Farm 810, Administrative District of Stellenbosch; thence south-eastwards along the boundaries of the said Portion 15 and the farm Die Bos 1056, so as to include them in this area, to the point where the south-western boundary of the last-mentioned property is intersected by the north-eastern prolongation of Boundary BA on the diagram of Erf 5822; thence south-westwards along the said prolongation to Beacon A on the diagram of the said Erf 5822; thence north-westwards in a straight line to Point d on the diagram of the said Erf 5822; thence north-westwards along the north-eastern boundary of Erf 3759 and the north-western prolongation thereof, to the point where it intersects the south-eastern boundary of Erf 3838; thence north-eastwards along the boundaries of the said Erf 3838, so as to exclude them from this area, to the northernmost beacon thereof; thence north-westwards along the north-western prolongation of the north-eastern boundary of the said Erf 3838 to the point where it is intersected by the middle of the said Railway Avenue; thence north-eastwards along the middle of the said Railway Avenue, to the point first named.

COLOURED GROUP

(3) From the point where the north-eastern prolongation of Boundary BA on the diagram of Erf 5822, The Strand, is intersected by the south-western boundary of the farm Die Bos 1056, Administrative District of Stellenbosch, south-eastwards along the boundaries of the said farm Die Bos 1056, so as to exclude it from this area, to the point where it is intersected by the north-western prolongation of the south-western boundary of 13th Street; thence south-eastwards along the said prolongation and the south-western boundary of 13th Street, to the easternmost beacon of Erf 7208; thence south-eastwards in a straight line along the south-eastern prolongation of the south-western boundary of the said 13th Street, to the point where it is intersected by the south-eastern boundary of Broadlands Road; thence south-westwards along the said south-eastern boundary of Broadlands Road, to the northernmost beacon of Erf 5543; thence south-eastwards and south-westwards along the boundaries of the said Erf 5543 and Erf 5546, to the southernmost beacon of the latter erf; thence south-westwards in a straight line along the south-western prolongation of the south-eastern boundary of the said Erf 5546, to the point where it is intersected by the middle of the 11,33 metre street (First Street); thence north-westwards along the middle of the said 11,33 metre street (First Street), to the point where it is intersected by the prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Crab Street); thence north-eastwards in a straight line along the prolongation of the middle of the said 11,33 metre street (Crab Street), to the point where it is intersected by the south-eastern prolongation of the middle of Third Street; thence north-westwards along the last-mentioned prolongation to the point where it is intersected by the middle of Broadlands Road;

middel van genoemde Broadlandsweg langs tot by die punt waar dit deur die verlenging van die middel van 12de Straat gekruis word; dan noordwes met genoemde verlenging en die middel van genoemde 12de Straat en die verlenging daarvan langs tot by die punt waar dit deur die suidoostelike grens van genoemde Erf 5822 gekruis word; dan suidwes met die grense van genoemde Erf 5822 langs tot by Baken A op die kaart daarvan; dan noordoos met die noordooswaartse verlenging van genoemde grens BA op die kaart van Erf 5822 langs, tot by eersgenoemde punt.

(4) Vanaf die punt waar die middel van Broadlandsweg deur die suidooswaartse verlenging van die middel van Derde Straat gekruis word, suidoos met gemelde verlenging van die middel van Derde Straat langs tot by die punt waar dit deur die noordooswaartse verlenging van die middel van die 11,33 meter straat (Crabstraat) gekruis word; dan suidwes met laasgenoemde verlenging langs tot by die punt waar dit deur die middel van die 11,33 meter straat (Eerste Straat) gekruis word; dan suidoos met die middel van laasgenoemde straat langs tot by die punt waar dit deur die noordooswaartse verlenging van die middel van die 11,33 meter straat (Octopusstraat) gekruis word; dan suidwes met gemelde verlenging en die middel van genoemde 11,33 meter straat (Octopusstraat) langs tot by die punt waar dit deur die noordoostelike grens van Erf 2612, die Strand, gekruis word; dan suidoos met die grense van genoemde Erf 2612 langs, tot by die suidelikste baken daarvan; dan suidwes met die grens van Erf 2615 en die hoogwatermerk van die see langs, tot by Baken 81 op Plan 1616 LD; dan noordoos in 'n reeks reguit lyne deur Bakens E en F op die kaart van gemelde Erf 2612 tot by die suidoostelike baken van Erf 5058; dan noordwes met die noordoostelike grens van genoemde Erf 2612 langs, tot by die punt waar dit deur die middel van Broadlandsweg gekruis word; dan noordoos met die middel van genoemde Broadlandsweg langs, tot by eersgenoemde punt.

GRENSSTROOK

(5) Vanaf die punt waar die verlenging noordooswaarts van die middel van die 11,33 meter straat (Octopusstraat) deur die middel van die 11,33 meter straat (Eerste Straat) gekruis word, suidoos met die middel van laasgenoemde straat langs tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging noordooswaarts van die suidoostelike grens van Erf 938, Gordonsbaai; dan suidwes met laasgenoemde verlenging en die grens van genoemde Erf 938 langs tot by die suidelikste baken daarvan; dan suidwes reguit tot by die oostelikste baken van Erf 981; dan suidwes met die grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 981 en Erwe 1007, 975, 977, 1014, 1032, 970 en 974 tot by die westelikste baken van laasgenoemde erf; dan noordwes met die verlenging van die suidwestelike grens van genoemde Erf 974 langs tot by die punt waar dit deur die middel van genoemde 11,33 meter straat (Octopusstraat) gekruis word; dan noordoos met die middel van genoemde 11,33 meter straat (Octopusstraat) langs, tot by eersgenoemde punt.

thence north-eastwards along the middle of the said Broadlands Road, to the point where it is intersected by the prolongation of the middle of 12th Street; thence north-westwards along the said prolongation and the middle of the said 12th Street and the prolongation thereof, to the point where it is intersected by the south-eastern boundary of the said Erf 5822; thence south-westwards along the boundaries of the said Erf 5822, to Beacon A on the diagram thereof; thence north-eastwards along the north-eastern prolongation of the said Boundary BA on the diagram of Erf 5822, to the point first named.

(4) From the point where the middle of Broadlands Road is intersected by the south-eastern prolongation of the middle of Third Street, south-eastwards along the said prolongation of the middle of Third Street, to the point where it is intersected by the north-eastern prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Crab Street); thence south-westwards along the last-mentioned prolongation to the point where it is intersected by the middle of the 11,33 metre street (First Street); thence south-eastwards along the middle of the latter street, to the point where it is intersected by the north-eastern prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Octopus Street); thence south-westwards along the said prolongation and the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street), to he point where it is intersected by the north-eastern boundary of Erf 2612, The Strand; thence south-eastwards along the boundaries of the said Erf 2612, to the southernmost beacon thereof; thence south-westwards along the boundary of Erf 2615 and the high-water mark of the sea, to Beacon 81 on Plan 1616 LD; thence north-eastwards in a series of straight lines through Beacons E and F on the diagram of the said Erf 2612, to the south-eastern beacon of Erf 5058; thence north-westwards along the north-eastern boundary of the said Erf 2612, to the point where it is intersected by the middle of Broadlands Road; thence north-eastwards along the middle of the said Broadlands Road, to the point first named.

BORDER STRIP

(5) From the point where the north-eastern prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Octopus Street) is intersected by the middle of the 11,33 metre street (First Street), south-eastwards along the middle of the latter street, to the point where it is intersected by the north-eastern prolongation of the south-eastern boundary of Erf 938, Gordon's Bay; thence south-westwards along the latter prolongation and the boundary of the said Erf 938, to the southernmost beacon thereof; thence south-westwards in a straight line, to the easternmost beacon of Erf 981; thence south-westwards along the boundaries of the following properties so as to include them in this area; The said Erf 981 and Erven 1007, 975, 977, 1014, 1032, 970 and 974 to the westernmost beacon of the last-mentioned erf; thence north-westwards along the prolongation of the south-western boundary of the said Erf 974, to the point where it is intersected by the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street); thence north-eastwards along the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street), to the point first named.

No. 159, 1979

WYSIGING VAN PROKLAMASIE 126 VAN 19 JUNIE 1959 INSAKE DIE TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP DIE ONTWIKKELING VAN GROEPSGEBIEDE, 1955 EN DIE TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966 IN SEKERE GEBIEDE IN DIE STRAND EN GORDONSBAAI, DISTRIK STRAND, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966)—

A. wysig ek hierby Proklamasie 126 van 19 Junie 1959 deur die uitsluiting uit die gebied daarin omskryf, die gebied omskryf in paragraaf 1 van die Bylae hiervan; en

B. verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels 16 tot en met 23 en 29 tot en met 37 van genoemde Wet, van toepassing is in die gebiede omskryf in paragrawe 2, 3 en 4 van die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Phalaborwa, op hede die Vier-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. J. M. STEYN.

BYLAE

(1) Vanaf Baken G op die algemene plan van Die Strand-uitbreiding 17 (TP 8007), suidoos met die grense van genoemde Uitbreiding 17 langs tot by Baken 8872x op genoemde algemene plan; dan noordoos reguit tot by eersgenoemde baken.

GEKLEURDE GROEP

(2) Vanaf die punt waar die noordooswaartse verlenging van grens BA op die kaart van Erf 5822, Die Strand, deur die suidwestelike grens van die plaas Die Bos 1056, administratiewe distrik Stellenbosch, gekruis word, suidoos met die grens van genoemde plaas Die Bos 1056 langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die punt waar dit deur die noordweswaartse verlenging van die suidwestelike grens van 13de Straat gekruis word; dan suidoos met gemelde verlenging en die suidwestelike grens van 13de Straat langs tot by die oostelikste baken van Erf 7208; dan suidoos reguit met die suidooswaartse verlenging van die suidwestelike grens van gemelde 13de Straat langs tot by die punt waar dit deur die suidoostelike grens van Broadlandsweg gekruis word; dan suidwes met gemelde suidoostelike grens van Broadlandsweg langs tot by die noordelikste baken van Erf 5543; dan suidoos en suidwes met die grense van gemelde Erf 5543 en Erf 5546 langs, tot by die suidelikste baken van laasgenoemde erf; dan suidwes reguit met die suidweswaartse verlenging van gemelde Erf 5546 se suidoostelike grens langs tot by die punt waar dit deur die middel van die 11,33 meter straat (Eerste Straat) gekruis word; dan noordwes met die middel van genoemde 11,33 meter straat (Eerste Straat) langs tot by die punt waar dit deur die verlenging van die middel van die 11,33 meter straat (Crabstraat) gekruis word; dan noordoos reguit met die verlenging van die middle van gemelde 11,33 meter straat (Crabstraat) langs tot by die punt waar dit deur

No. 159, 1979

AMENDMENT OF PROCLAMATION 126 OF 19 JUNE 1959 IN REGARD TO THE APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE GROUP AREAS DEVELOPMENT ACT, 1955 AND APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966 IN CERTAIN AREAS IN STRAND AND GORDON'S BAY DISTRICT OF STRAND, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me by section 51 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966)—

A. I hereby amend Proclamation 126 of 19 June 1959 by the exclusion from the area defined therein the area defined in paragraph 1 of the Schedule hereto; and

B. I hereby declare that the provisions of section 16 to 23 inclusive and 29 to 37 inclusive of the said Act shall, as from the date of publication hereof apply in the areas defined in paragrahs 2, 3 and 4 of the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Phalaborwa this Twenty-Fourth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. J. M. STEYN.

SCHEDULE

(1) From Beacon G on the general plan of the Strand Township Extension 17 (TP 8007), south-eastwards along the boundaries of the said Extension 17, to Beacon 8872x on the said general plan; thence north-eastwards in a straight line to the beacon first named.

COLOURED GROUP

(2) From the point where the north-eastern prolongation of Boundary BA on the diagram of Erf 5822, the Strand, is intersected by the south-western boundary of the farm Die Bos 1056, Administrative District of Stellenbosch, south-eastwards along the boundaries of the said farm Die Bos 1056, so as to exclude it from this area, to the point where it is intersected by the north-western prolongation of the south-western boundary of 13th Street; thence south-eastwards along the said prolongation and the south-western boundary of 13th Street, to the easternmost beacon of Erf 7208; thence south-eastwards in a straight line along the south-eastern prolongation of the south-western boundary of the said 13th Street, to the point where it is intersected by the south-eastern boundary of Broadlands Road; thence south-westwards along the said south-eastern boundary of Broadlands Road, to the northernmost beacon of Erf 5543; thence south-eastwards and south-westwards along the boundaries of the said Erf 5543 and Erf 5546, to the southernmost beacon of the latter erf; thence south-westwards in a straight line along the south-western prolongation of the south-eastern boundary of the said Erf 5546, to the point where it is intersected by the middle of the 11,33 metre street (First Street); thence north-westwards along the middle of the said 11,33 metre street (First Street), to the point where it is intersected by the middle of the 11,33 metre street (Crab Street); thence north-eastwards in a straight line along the prolongation of the middle of the said 11,33 metre street (Crab Street) to the point where it is intersected by the south-eastern

die suidooswaartse verlenging van die middel van Derde Straat gekruis word; dan noordwes met laasgenoemde verlenging langs tot by die punt waar dit deur die middel van Broadlandsweg gekruis word; dan noordoos met die middel van genoemde Broadlandsweg langs tot by die punt waar dit deur die verlenging van die middel van 12de Straat gekruis word; dan noordwes met genoemde verlenging en die middel van genoemde 12de Straat en die verlenging daarvan langs tot by die punt waar dit deur die suidoostelike grens van genoemde Erf 5822 gekruis word; dan suidwes met die grense van genoemde Erf 5822 langs tot by Baken A op die kaart daarvan; dan noordoos met die noordooswaartse verlenging van genoemde grens BA op die kaart van Erf 5822 langs, tot by eersgenoemde punt.

(3) Vanaf die punt waar die middel van Broadlandsweg deur die suidooswaartse verlenging van die middel van Derde Straat gekruis word, suidoos met gemelde verlenging van die middel van Derde Straat langs tot by die punt waar dit deur die noordooswaartse verlenging van die middel van die 11,33 meter straat (Crabstraat) gekruis word; dan suidwes met laasgenoemde verlenging langs tot by die punt waar dit deur die middel van die 11,33 meter straat (Eerste Straat) gekruis word; dan suidoos met die middel van laasgenoemde straat langs tot by die punt waar dit deur die noordooswaartse verlenging van die middel van die 11,33 meter straat (Octopusstraat) gekruis word; dan suidwes met gemelde verlenging en die middel van genoemde 11,33 meter straat (Octopusstraat) langs tot by die punt waar dit deur die noordoostelike grens van Erf 2612, Die Strand, gekruis word; dan suidoos met die grense van genoemde Erf 2612 langs, tot by die suidelikste baken daarvan; dan suidwes met die grens van Erf 2615 en die hoogwatermerk van die see langs, tot by Baken 81 op Plan 1616 LD; dan noordoos in 'n reeks reguit lyne deur Bakens E en F op die kaart van gemelde Erf 2612 tot by die suidoostelike baken van Erf 5058; dan noordwes met die noordoostelike grens van genoemde Erf 2612 langs, tot by die punt waar dit deur die middel van Broadlandsweg gekruis word; dan noordoos met die middel van genoemde Broadlandsweg langs, tot by eersgenoemde punt.

GRENSSTROOK

(4) Vanaf die punt waar die verlenging noordooswaarts van die middel van die 11,33 meter straat (Octopusstraat) deur die middel van die 11,33 meter straat (Eerste Straat) gekruis word, suidoos met die middel van laasgenoemde straat langs tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging noordooswaarts van die suidoostelike grens van Erf 938 Gordonsbaai; dan suidwes met laasgenoemde verlenging en die grens van genoemde Erf 938 langs tot by die suidelikste baken daarvan; dan suidwes reguit tot by die oostelikste baken van Erf 981, dan suidwes met die grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 981 en Erwe 1007, 975, 977, 1014, 1032, 970 en 974 tot by die westelikste baken van laasgenoemde erf; dan noordwes met die verlenging van die suidwestelike grens van genoemde Erf 974 langs tot by die punt waar dit deur die middel van genoemde 11,33 meter straat (Octopusstraat) gekruis word; dan noordoos met die middel van genoemde 11,33 meter straat (Octopusstraat) langs, tot by eersgenoemde punt.

prolongation of the middle of Third Street; thence north-westwards along the last mentioned prolongation to the point where it is intersected by the middle of Broadlands Road; thence north-eastwards along the middle of the said Broadlands Road, to the point where it is intersected by the prolongation of the middle of 12th Street; thence north-westwards along the said prolongation and the middle of the said 12th Street and the prolongation thereof, to the point where it is intersected by the south-eastern boundary of the said Erf 5822; thence south-westwards along the boundaries of the said Erf 5822; to Beacon A on the diagram thereof; thence north-eastwards along the north-eastern prolongation of the said Boundary BA on the diagram of Erf 5822, to the point first named.

(3) From the point where the middle of Broadlands Road is intersected by the south-eastern prolongation of the middle of Third Street, south-eastwards along the said prolongation of the middle of Third Street, to the point where it is intersected by the north-eastern prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Crab Street); thence south-westwards along the said prolongation to the point where it is intersected by the middle of the 11,33 metre street (First Street); thence south-eastwards along the middle of the latter street, to the point where it is intersected by the north-eastern prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Octopus Street); thence south-westwards along the said prolongation and the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street), to the point where it is intersected by the north-eastern boundary of Erf 2612, the Strand; thence south-eastwards along the boundaries of the said Erf 2612, to the southernmost beacon thereof; thence south-westwards along the boundary of Erf 2615 and the Highwater mark of the sea, to Beacon 81 on Plan 1616 LD; thence north-eastwards in a series of straight lines through Beacons E and F on the diagram of the said Erf 2612, to the south-eastern beacon of Erf 5058; thence north-westwards along the north-eastern boundary of the said Erf 2612, to the point where it is intersected by the middle of Broadlands Road; thence north-eastwards along the middle of the said Broadlands Road, to the point first named.

BORDER STRIP

(4) From the point where the north-eastern prolongation of the middle of the 11,33 metre street (Octopus Street) is intersected by the middle of the 11,33 metre street (First Street), south-eastwards along the middle of the latter street, to the point where it is intersected by the north-eastern prolongation of the south-eastern boundary of Erf 938 Gordon's Bay; thence south-westwards along the latter prolongation and the boundary of the said Erf 938, to the southernmost beacon thereof; thence south-westwards in a straight line, to the easternmost beacon of Erf 981; thence south-westwards along the boundaries of the following properties so as to include them in this area; the said Erf 981 and Erven 1007, 975, 977, 1014, 1032, 970 and 974 to the westernmost beacon of the last-mentioned erf; thence north-westwards along the prolongation of the south-western boundary of the said Erf 974, to the point where it is intersected by the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street); thence north-eastwards along the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street), to the point first named.

No. 160, 1979

VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE FOCHVILLE, DISTRIK POTCHEFSTROOM, PROVINSIE TRANSVAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

F. W. DE KLERK.

BYLAE

GEKLEURDE GROEP

Gedeelte 21 van die plaas Foch 150 IQ, volgens Kaart LG A4510/77.

No. 162, 1979

TOEPASSING VAN ARTIKEL 10 (1) (a)*bis*, (a)*ter* EN (a)*quin* VAN DIE WET OP BINNELANDSE VEILIGHEID, 1950 (WET 44 VAN 1950)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) (bA) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950, verklaar ek hierby dat die bepalings van artikel 10 (1) (a)*bis*, (a)*ter* en (a)*quin* van daardie Wet gedurende die tydperk van 12 maande wat begin op 11 Augustus 1979 in die hele Republiek van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1727 10 Augustus 1979

VERLIES VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP

Die onderstaande opgawe van persone wat ingevolge artikel 16 van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, No. 44 van 1949, soos gewysig, afstand van hul Suid-Afrikaanse burgerskap gedoen het of wie se Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge artikel 19 en 19*bis* van genoemde Wet gedurende die tydperk 1 April 1979 tot 30 Junie 1979 deur Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake ontneem is, word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

Volle naam, geboortedatum, geboorteland, huidige nasionaliteit, datum van verlies van burgerskap, artikel van Wet/ Full name, date of birth, country of birth, present nationality, date of loss of citizenship, section of Act.

BOHOLO, Martha Makoloi Kitime, 16/10/31, Suid-Afrika/ South Africa, burger van Lesotho/citizen of Lesotho, 4/ 6/79, 19*bis* (1) (a) (iii).

No. 160, 1979

DECLARATION OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT FOCHVILLE, DISTRICT OF POTCHEFSTROOM, PROVINCE OF THE TRANSVAAL

Under the powers vested in me by section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the Coloured group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-seventh day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

F. W. DE KLERK.

SCHEDULE

COLOURED GROUP

Portion 21 of the farm Foch 150 IQ, according to Diagram SG A4510/77.

No. 162, 1979

APPLICATION OF SECTION 10 (1) (a)*bis*, (a)*ter* AND (a)*quin* OF THE INTERNAL SECURITY ACT, 1950 (ACT 44 OF 1950)

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) (bA) of the Internal Security Act, 1950, I hereby declare that the provisions of section 10 (1) (a)*bis*, (a)*ter* and (a)*quin* of that Act shall be in force during the period of 12 months commencing on 11 August 1979 in the whole of the Republic.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-seventh day of July, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1727 10 August 1979

LOSS OF SOUTH AFRICAN CITIZENSHIP

The following return of persons who have, in terms of the provisions of section 16 of the South African Citizenship Act, No. 44 of 1949, as amended, renounced their South African citizenship or who have in terms of section 19 and 19*bis* of the aforementioned Act been deprived of their South African citizenship by the Honourable the Minister of the Interior during the period 1 April 1979 to 30 June 1979, inclusive, is hereby published for general information:

BONFRER, Adriana Maria Cynthia, 17/5/57, Suid-Afrika/ South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 4/5/79, 16 (2).

COLLINS, Patrick Donovan, 2/2/30, Suid-Afrika/South Africa burger van die VK en K/citizen of the UK and C, 2/4/ 79, 16 (2).

DE LAAT, Bernardus Alphonsus Maria, 20/7/28, Nederland/ The Netherlands, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 18/6/79, 16 (2).

DOMNICK, Gregory James, 5/3/58, Zambië/Zambia, burger van Zambië/citizen of Zambia, 2/5/79, 19*bis* (1) (a) (ii) (bb).
HAGG, Gabriele Maria Elisabeth, 24/8/57, Suidwes-Afrika/South West Africa, burger van Duitsland/citizen of Germany, 2/4/79, 16 (2).
HAHNDIEK, Constantijn, 30/6/58, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 26/6/79, 16 (2).
HARTENBERGER, Bernd, 21/2/72, Suidwes-Afrika/South West Africa, burger van Duitsland/citizen of Germany, 21/5/79, 16 (3).
HARTENBERGER, Erika Hildegard, 14/5/48, Duitsland/Germany, burger van Duitsland/citizen of Germany, 21/5/79, 16 (2).
HIJMANS, Mauritz Johannes, 25/6/56, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 30/4/79, 16 (2).
LEFOSA, Anna Malikeleli, 12/7/38, Suid-Afrika/South Africa burger van Lesotho/citizen of Lesotho, 8/5/79, 19*bis* (1) (a) (ii) (bb).
MOAHI, Annie Mdombezana, 29/12/41, Suid-Afrika/South Africa, burger van Lesotho/citizen of Lesotho, 5/6/79, 19*bis* (1) (a) (ii) (bb).
MOONEY, Charles Roger, 26/10/55, Suid-Afrika/South Africa, burger van die VK en K/citizen of the UK and C, 10/4/79, 16 (2)
MOTSOAHAE, Motselisi Elizabeth, -/-/43, Suid-Afrika/South Africa, burger van Lesotho/citizen of Lesotho, 20/4/79, 19*bis* (1) (a) (ii) (bb).
MULDERS, Elisabeth Maria, 7/5/58, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 6/4/79, 16 (2).
MUMA, Helen, 14/12/56, Suid-Afrika/South Africa, burger van Zambië/citizen of Zambia, 5/4/79, 16 (2).
NILSSON, Bo Carl Gustav, 22/4/55, Suid-Afrika/South Africa burger van Swede/citizen of Sweden, 14/5/79, 16 (2).
RUBÉ, Marjolein, 6/6/58, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 22/6/79, 16 (2).
SALM, Jonathan, 18/8/49, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 9/4/79, 16 (2).
SALM, Katryn, 19/12/76, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 9/4/79, 16 (3).
SCHAAP, Anthony Michael, 31/7/56, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 15/6/79, 16 (2).
SCHNEIDER, Ernst, 14/5/57, Suid-Afrika/South Africa, burger van Duitsland/citizen of Germany, 26/4/79, 16 (2).
SCHNEIDER, Peter, 31/8/58, Suid-Afrika/South Africa, burger van Duitsland/citizen of Germany, 26/4/79, 16 (2).
SEAGRIEF, Richard John, 2/7/55, Suid-Afrika/South Africa, burger van die VK en K/citizen of the UK and C, 20/6/79, 16 (2).
SCHIELL, Alastair Olaf, 31/5/61, Suid-Afrika/South Africa, burger van die VK en K/citizen of the UK and C, 10/4/79, 16 (2).
STALLING, Titia, 20/10/57, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 4/4/79, 16 (2).
TEN HEUW, Wolter Gerrit Johan, 7/12/57, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 22/6/79, 16 (2).
URBANI, Mario Jiuseppe, 11/7/56, Italië/Italy, burger van Italië/citizen of Italy, 4/6/79, 16 (2).
VAN DEN GOORBERGH, Livinia Emmalin, 22/2/47, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 9/4/79, 16 (2).
VAN DORSTEN, Johan Lourens, 13/10/51, Suid-Afrika/South Africa, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 28/6/79, 16 (2).
VAN GEMERT, Maria Margaretha, 12/9/16, Nederland/The Netherlands, burger van Nederland/citizen of The Netherlands, 18/6/79, 16 (2).
VILJOEN, Audrey Alice, 13/2/28, Australië/Australia, burger van Australië/citizen of Australia, 29/5/79, 16 (2).

No. 1728 10 Augustus 1979

VREEMDELINGE WAT NIE SUID-AFRIKAANSE BURGERS WIL WORD NIE

Die onderstaande opgawe van persone wat gedurende die tydperk 1 April 1979 tot en met 30 Junie 1979 'n verklaring afgelê het, of ten behoewe van wie 'n verklaring afgelê is ingevolge artikel 11A van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, No. 44 van 1949, soos gewysig, dat hulle nie Suid-Afrikaanse burgers wil word nie, word hierby ooreenkomstig artikel 11A (5) van bogenoemde Wet gepubliseer:

No. 1728 10 August 1979

ALIENS WHO DO NOT WISH TO BECOME SOUTH AFRICAN CITIZENS

The following return of persons who, during the period 1 April 1979 to 30 June 1979, inclusive, have made, or on whose behalf a declaration has been made in terms of the provisions of section 11A of the South African Citizenship Act, No. 44 of 1949, as amended, to the effect that they do not wish to become South African citizens, is hereby published in terms of section 11A (5) of the Act:

Volle naam, geboortedatum, geboorteland, huidige nasionaliteit, datum van verklaring, permanente verblyfpermitnommer/Full name, date of birth, country of birth, present nationality, date of declaration, permanent residence permit number.

KLEINLOOG, Diana, 13/4/56, Kanada/Canada, burger van Kanada/citizen of Canada, 4/6/79, OTT/4/78 dd 1978-09-07.
LEMIRE, Michel Georges, 31/8/75, Kanada/Canada, burger van Kanada/citizen of Canada, 4/6/79, RSA839/78 dd 1978-09-05.

No. 1729 10 Augustus 1979

ONTNEMING VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP

Onderstaande opgawe van sertifikate van registrasie of naturalisasie van persone wie se Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge artikel 19, 19*bis*, 20 of 20*bis* van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet 44 van 1949), soos gewysig, deur Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake gedurende die tydperk 1 April

No. 1729 10 August 1979

DEPRIVATION OF SOUTH AFRICAN CITIZENSHIP

The following return of certificates of registration or naturalisation of persons who have, in terms of section 19, 19*bis*, 20 or 20*bis* of the South African Citizenship Act, 1949 (Act 44 of 1949), as amended, been deprived of their South African citizenship by the Honourable the Minister of the Interior during the period 1 April

1979 tot en met 30 Junie 1979 ontneem is, word hierby ooreenkomstig artikel 39 (1) (b) van bogenoemde Wet gepubliseer:

1979 to 30 June 1979, inclusive, is hereby published in accordance with section 39 (1) (b) of the above-mentioned Act:

No. van sertifikaat, naam van persoon, geboortedatum, geboorteland, nasionaliteit voor uitreiking van sertifikaat, datum van ontneming, artikel van Wet.

No. of certificate, name of person, date of birth, country of birth, nationality prior to issue of certificate, date of deprivation, section of Act.

R48161—CARASTAVRAKIS, Theodoros, 15/2/39, Griekeland/Greece, burger van Griekeland/citizen of Greece, 26/4/79, 19*bis* (1) (b).

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 1725 10 Augustus 1979

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT 'N SEKERE WONING, MOTORHUISE EN MOTORSTAANPLEKKE VAN HUURBEHEER ONTHEF IS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Stephanus Jacobus Marais Steyn, Minister van Gemeenskapsbou, hierby dat—

(a) die woning in die woonstelgebou genoem in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, van huurbeheer onthef is; en

(b) die motorhuise en motorstaanplekke geleë op enige plek op grond wat deel uitmaak van grond wat geokkupeer word deur of gebruik word in verband met die woning in (a) hierbo genoem, vanaf die datum van publikasie hiervan van huurbeheer onthef is.

S. J. M. STEYN, Minister van Gemeenskapsbou.

BYLAE

Naam van woonstelgebou	*Ligging*
Woonstel 29, Packwood Towers	Erf 468, Gillstraat, Lambton-uitbreiding 1, Germiston.

No. 1735 10 Augustus 1979

WET OP HUURBEHEER, 1976

VERKLARING DAT SEKERE WONINGS, MOTORHUISE, BEDIENDEKAMERS EN STOORKAMER VAN HUURBEHEER ONTHEF IS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 (g) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Stephanus Jacobus Marais Steyn, Minister van Gemeenskapsbou hiermee dat die wonings, motorhuise, bediendekamers en stoorkamer geleë op die eiendom in die Bylae hiervan genoem, van huurbeheer onthef is vanaf die datum van publikasie hiervan.

S. J. M. STEYN, Minister van Gemeenskapsbou.

BYLAE

Adres van eiendom	*Beskrywing van eiendom*
Ainsdale, hoek van Musgraveweg en Springfieldweg, Durban met die uitsondering van woonstel 18, wat van huurbeheer onthef sal word vanaf die datum waarop dit deur die huidige huurder ontruim word	Onderverdeling A van Perseel 98a, Blok B van die Dorpsgebied Durban 1737, geleë in die stad en distrik Durban, Provinsie Natal.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 1725 10 August 1979

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT A CERTAIN DWELLING, GARAGES AND PARKING SPACES ARE EXEMPTED FROM RENT CONTROL

Under the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Stephanus Jacobus Marais Steyn, Minister of Community Development, hereby declare that—

(a) the dwelling in the block of flats mentioned in the Schedule hereto, is exempted from rent control as from the date of publication hereof; and

(b) the garages and parking spaces situated anywhere upon land forming part of land occupied by or used in connection with the dwelling mentioned in (a) above, are exempted from rent control as from the date of publication hereof.

S. J. M. STEYN, Minister of Community Development.

SCHEDULE

Name of block of flats	*Situation*
Flat 29, Packwood Towers.....	Erf 468, Gill Street, Lambton Extension 1, Germiston.

No. 1735 10 August 1979

RENT CONTROL ACT, 1976

DECLARATION THAT CERTAIN DWELLINGS, GARAGES, SERVANTS QUARTERS AND STOREROOM ARE EXEMPTED FROM RENT CONTROL

Under the powers vested in me by section 51 (g) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Stephanus Jacobus Marais Steyn, Minister of Community Development, hereby declare that the dwellings, garages, servants quarters and storeroom situated on the property mentioned in the Schedule hereto are exempted from rent control from the date of publication hereof.

S. J. M. STEYN, Minister of Community Development.

SCHEDULE

Address of premises	*Description of property*
Ainsdale, cor. of Musgrave and Springfield Roads, Durban, with the exception of flat 18, which will be decontrolled from the date on which it is vacated by the present tenant	Sub A of Lot 98a, Block B of the Townlands of Durban, 1737, situate in the City and County of Durban, Province of Natal.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 1736 10 Augustus 1979

INTREKKING VAN KENNISGEWING UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL 9 (1) VAN WET 44 VAN 1950

Vir algemene inligting word hierby bekendgemaak dat die Minister van Justisie ingevolge artikel 9 (4) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), die kennisgewing waarby Charles Edward Wickens Simkins ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet verbied is om byeenkomste by te woon, met ingang van 17 Julie 1979, ingetrek het.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1702 10 Augustus 1979

UITSLUITING VAN SEKERE GROND VAN DIE TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK X EN ARTIKEL 139 (1) VAN DIE WET OP MYNREGTE, 1967 (WET 20 VAN 1967)

